# JEUGLES– Hoe praat God met my 2?

## 1. PRAISE EN WORSHIP
- verduidelik "Awake my soul"

## 2. YSBREKER:

- blinddoek elke kind
- Les staan voor en roep na die kinders
- die res van die volwasse leiers staan langs die kant en skree goed soo – seks; party; TV; drank; dwelms; porn;
  playstation; X-box ens.
- die kinders moet na Les se stem luister om by hom uit te kom

## 3. PROCESS DIE YSBREKER:

- Baie keer vra ons die vraag: hoekom hoor ek nie God se stem nie
- baie van die antwoorde op daai vraag is in die ysbreker
- ek gaan nie nou die ysbreker verduidelik nie, maar ek wil hê julle moet daaraan dink en wat gebeur het
  wannneer julle die vrae beantwoord – want baie van die antwoorde op vanaand se vrae is in die ysbreker

## 4. RECAP VERLEDE WEEK:

### 4.1 ***Hoe praat God met ons/kan Hy met ons praat?***

* Drome
* Profete
* Die Bybel
* Ander mense
* Visioene / gesigte
* Heilige Gees – stem in jou

### 4.2 **Wat gebeur wanneer God praat en ons nie luister/doen nie?** (straf)

## 5. VRAAG IN DIE GROEPE:

- Wat keer ons om God se stem te hoor?

- *Ons ken nie Sy stem nie*
  * Joh 10:2-5 (Skape ken sy stem)

- *Ons spandeer nie tyd saam met Hom nie, daarom weet ons nie wanneer Hy met ons praat nie*
  * Jak 4:8b (Nader tot God en Hy sal tot julle nader)

- *Satan*
  * Dan 10:12-13 (Daniel wag 21 dae vir 'n antwoord, want die bose het gekeer)

* 1 Pet 5:8 (Duiwel loop rond soos brullende leeu)
* Ef 6:12 ( Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen satan en sy bose magte)

- *Sonde in my lewe*
  * Jes 59:2 (Ons sonde het 'n skeidsmuur tussen ons en God geword)
  * Joh 9:31 (God luister nie na sondaars nie)
  * Ps 24:3-4 (Kan na God gaan as my hande rein en my hart suiwer is)

- *As iets tussen my en iemand anders nie reg is nie*
  * Matt 5:23 (As jy gaan offer en iets teen jou broer het, gaan maak eers reg)
  * 1 Pet 3:7 (Leef verstandig met jou vrou sodat jou gebed nie verhinder word nie)

**Vraag in die groepe**:

- Hoe / wat kan ek doen om God se stem te hoor as ek sukkel daarmee?

- *Gebed*: wanneer ek bid en ek spandeer tyd saam met God, dan leer ek Sy stem ken – ek weet wanneer Hy vir my iets sê of 'n antwoord op iets gee.

- *Kommunikasie*: onthou as jy die heeltyd praat gee jy God nie KANS om met jou te praat nie, daarom moet jy stilraak met jou Bybel, want dis baie keer die manier wat God met jou gaan praat

- *Vra iemand om saam met jou te bid oor 'n saak*: as die ander persoon dieselfde antwoord as jy kry, dan weet jy mos dat dit God was wat met jou gepraat het

- Onthou altyd – geen antwoord is nie 'n antwoord nie!